**12 Mei 2010**

**OUEROMSENDBRIEF 15/2010**

**Geagte ouers/voogde**

## 1. GEDAGTE VAN DIE WEEK

**Ons het nou al baie gelees en gepraat oor opvoeding en ander dinge. Plaas hierdie waar u wil, maar lees asb.**

**Robert Fulghum se gedagtes soos in sy boek: All I Really Need to Know I Learned in Kindergarten.**

**All I really need to know about how to live and what to do and how to be I learned in kindergarten. Wisdom was not at the top of the graduate school mountain, but there in the sand pile at Sunday School. These are the things I learned:**

**Share everything.**
**Play fair.**
**Don't hit people.**
**Put things back where you found them.**
**Clean up your own mess.**
**Don't take things that aren't yours.**
**Say you're sorry when you hurt somebody.**
**Wash your hands before you eat.**
**Flush.**
**Warm cookies and cold milk are good for you.**
**Live a balanced life – learn some and think some and draw and paint and sing and dance and play and work every day some.**
**Take a nap every afternoon.**
**When you go out into the world, watch out for traffic, hold hands, and stick together.**

KOOP U VOERTUIG BY McCARTHY TOYOTA, HENDRIK VERWOERDRYLAAN. HUL ONDERSTEUN DIE SKOOL GEREELD. Sê U IS 'N OUER VAN BAKENKOP AS U 'NOERTUIG BY HUL KOOP EN DIE SKOOL KRY 'N SKENKING VAN R1000.00 KONTAK PERSONE PIETER VELDSMAN (NUWE VOERTUIE) VAUGHAN PRETORIUS (AUTOMARK).

*Tel: 012 653 9400*

Be aware of wonder. Remember the little seed in the Styrofoam cup: The roots go down and the plant goes up and nobody really knows how or why, but we are all like that.
Goldfish and hamsters and white mice and even the little seed in the Styrofoam cup – they all die. So do we.
And then remember the Dick-and-Jane books and the first word you learned – the biggest word of all – LOOK.

Everything you need to know is in there somewhere. The Golden Rule and love and basic sanitation. Ecology and politics and equality and sane living.

Take any of those items and extrapolate it into sophisticated adult terms and apply it to your family life or your work or your government or your world and it holds true and clear and firm. Think what a better world it would be if we all – the whole world – had cookies and milk about three o'clock every afternoon and then lay down with our blankies for a nap. Or if all governments had a basic policy to always put things back where they found them and to clean up their own mess.

And it is still true, no matter how old you are – when you go out into the world, it is best to hold hands and stick together.

## 2. BEHEERLIGGAAM NUUS

Advokaat Pieter Höll het bedank as lid van die Beheerliggaam, weens werkverpligtinge, soos vroeër berig. Weereens, dankie Pieter vir jou jarelange hulp, raad en ondersteuning: Ons waardeer dit !

Die Beheerliggaam het op hul vergadering van 3 Mei 2010 eenparig besluit om mnr. Abrie Groenewald te koöpteer in die plek van Advokaat Pieter Höll.

Advokaat Pieter Höll was ten tye van sy diensbeëindiging ondervoorsitter van die Beheerliggaam.

Mev. Thea Bruwer is eenparig as ondervoorsitter verkies.

Baie geluk aan mev. Bruwer: Ons sien uit daarna om in die nuwe pos wat u beklee, op 'n aangename wyse met u saam te werk.

## 3. HEMELVAART DIENS

Ds. Hendry Stopforth sal op 13 Mei 2010 die Hemelvaart diens vir ons waarneem hier by die skool.

**4. STUDIEMETODES – GR. 5**

**Die studiemetodes vir graad 5 sal wel op die 13de Mei 2010 aangebied word.**

**5. JUNIE/JULIE VAKANSIE KINDERKAMP**

**Die sokker-wêreldbeker-aanbieding het tot gevolg dat die Junie-Julie vakansie lank is. Die skool sluit op 9 Junie 2010 en heropen op 13 Julie 2010.**

**Hier is twee kampe (graad 6 en 7 leerders), op ons voorstoep, een vir seuns een vir dogters, aangebied deur Centurion Enviro Sentrum. Mnr. Koos Alberts, wat aan die hoof staan van hierdie kampe, is 'n bedrewe kamporganiseerder vir die landsdiens en reël steeds gereelde skooltoere. Voorts was Koos vir jare in diens van Nasionale Opvoeding wat juis met jeugsake te doen gehad het.**

**Sien besonderhede in meegaande pamflet wat slegs aan Graad 6 en 7 leerders uitgedeel is. Skakel gerus die organiseerders direk.**

**6. REGSTELLING – SENIOR KOOR**

**Die bus vertrek Maandag 17 Mei 2010 om 17:00. Busgeld van R35.00 moet by Juf. Chanel Gouws betaal word.**

**Solosang – Graad 2**

**Ons oefen elke Donderdag van 13:00 tot 13:30 in juf. Arista Gouws se klas.**

**Gr. 1 balvaardighede**

**Ons oefen slegs Dinsdae 13:00 tot 13:40 (gewone tyd).**

**7. RUGBY TE MENLOPARK**

**Neem asb. kennis dat die rugbywedstryd te Menlopark op Donderdag 13 Mei 2010 gekanselleer is a.g.v. Hemelvaart.**

**Wedstryd word nou gespeel op 18 Mei 2010.**

8. **GESINSWERKWINKEL : 17 MEI 2010**

**ONDERWERP : SELFBEELDONTWIKKELING BY KINDERS**

**AANBIEDER : WIETSKE BOON, SPELTERAPEUT**

**KOSTE : R50.00 PER PERSOON**

**PLEK VAN AANBIEDING : GEREFORMEERDE KERK,
WILLEM BOTHASTRAAT
WIERDAPARK**

**TYD : 19H00**

**SKAKEL KERKKANTOOR : (012)-6545629 VIR BESPREKING.**

9. **WINTERSDRAG**

**Ons skakel op 17 Mei 2010 oor na wintersdrag. Indien u kind vroeër koud kry kan hy/sy reeds wintersdrag aantrek.**

10. **LIONS CLUB FUN WALK**

**Die Lions Club Fun Walk word weer op Saterdag 29 Mei 2010 op Laerskool Bakenkop se rugbyveld aangebied. Daar is 'n 10km, 5km en 2km wedloop.**

**Elke leerder sal 'n inskrywingsvorm ontvang. Indien u gaan inskryf, stuur u inskrywingsvorm en inskrywingsfooi terug skool toe asseblief. Sien meegaande pamflet met alle inligting op.**

**Plak u inskrywing toe in 'n koevert en skryf buite op die koevert die aantal inskrywings en vir watter afstande, want dit gaan direk na die Lions Club.**

**Die skool kry 'n deel van die inskrywingsfooi.**

11. **BOEK BUDDIES – OPVOERING GR. R – 7**

**Hoe kan ons die belangstelling vir lees by kinders kweek? Deur boeke fisies vir hulle uit te beeld d.m.v. drama.**

**Uittreksel uit verskillende kinderleesboeke word interessant opgevoer. Boek Buddies laat die karakters lewendig word en die leerders kan met**

die karaters identifiseer wanneer hulle weer later die boeke op hul eie lees.

Ek hoop dat u, u kind hierdie wonderlike geleentheid sal laat beleef.

| | | |
|---|---|---|
| OPVOERING | : | BOEK BUDDIES |
| DATUM | : | 12 MEI 2010 |
| KOSTE | : | R10.00 per kind |

Daar word twee verskillende opvoerings aangebied:
Gr. R – Gr. 3
Gr. 4 – Gr. 7.

12. **SAAMRYGELEENTHEID NA HEUWELOORD**

Indien daar enige persoon is wat kan help, ‘n ouer soek dringend ‘n saamrygeleentheid vanaf Laerskool Bakenkop na Heuweloord vir haar kinders, slegs in die middae.

Kontak asb. vir Mev. Van Zyl by 072 2674727.

Vriendelike groete

J.W.C. SCHEEPERS
HOOF